# Nota aan ouers

**Hoe kan ek my kind help leer?**

Jy kan jou kind help om die leerproses te geniet deur te verstaan op watter manier hy of sy die beste leer. Kinders se leerstyle verskil, selfs al word hulle in dieselfde gesin groot of al kom hulle uit dieselfde agtergrond. Kinders kan ook hul leerstyle afwissel na gelang van wat hulle leer en die omgewing waarbinne hulle leer. Hul leerstyl kan selfs verander namate hulle ouer word. Verskillende leerstyle benut verskillende dele van die brein. Hoe meer van jou brein jy gebruik, hoe beter leer jy!

**Visuele leer**


- Laat jou kind op die prente en tekeninge op die bladsy fokus terwyl jy begripsvrae vra: wat?, wie?, waar?, wanneer?, hoe? en hoekom? (Visuele begrip is 'n belangrike aspek van die leerproses en assessering.) Moedig jou kind aan om skriftelike inligting te visualiseer en om te teken wat sy sien.
- Moedig haar aan om breinkaarte met verskillende kleure en prente te gebruik om inligting te onthou.
- Laat haar bordspeletjies speel, legkaarte bou en prentraaisels oplos om haar ruimtelike vaardighede te ontwikkel. Laat haar na opvoedkundige DVD's kyk en interaktiewe digitale boeke gebruik.

**Ouditiewe leer**

- Lees hardop saam met jou kind.
- Moedig jou kind aan om dit wat jy vir hom lees, neer te skryf of op te som.
- Laat hom na 'n verskeidenheid oudioboeke, musiek en nuusprogramme luister, en vra begripsvrae soos: "Beskryf wat jy hoor"; "Wie praat nou? Hoe voel die persoon en hoe weet jy dit?" en "Waar dink jy speel die storie af?".
- Laat jou kind sy studie-aantekeninge hardop lees, neem dit op en laat hom daarna luister.
- Speel woordspeletjies soos *Ek sien met my klein ogie* en doen 'n verskeidenheid woordraaisels om sy woordassosiasievaardighede en woordeskat te ontwikkel. Laat hom die antwoorde op woordraaisels hardop spel; dit versterk die visualisering van woorde en bevorder spelvaardighede.

**Logiese leer**

- Vestig jou kind se aandag op die verbande tussen die verskillende elemente van 'n teks.
- Stel jou kind bloot aan niefiksietekste in boeke, koerante en op die internet.
- Vra volgordevrae sodat jou kind die gebeure in stories of feite-artikels, alles wat sy die dag gedoen het, of hoe om iets te maak of te doen, stapsgewyse moet opnoem. Dit ontwikkel haar vermoë om logies te dink en om logiese verbindingswoorde soos *eers*, *daarna* en *voordat* te gebruik.
- Pak saam praktiese projekte aan en verduidelik die doel van aktiwiteite aan jou kind as sy dit nie verstaan nie.
- Laat haar interaktiewe digitale boeke gebruik en opvoedkundige rekenaarspeletjies soos Scrabble, Sudoku, blokkiesraaisels en ander woord- en syferspeletjies speel.



**Kinestetiese leer**

- Gebruik voorwerpe en gebare om te wys hoe dinge werk.
- Moedig jou kind aan om sy begrip van idees deur rolspel en mimiek uit te beeld.
- Besoek verskillende plekke waar jou kind aan diere en voorwerpe kan raak en met mense kan kommunikeer.
- Laat hom eksperimente doen of voorwerpe bou wat verband hou met die temas waaroor hy leer.
- Laat jou kind toe om sy liggaam te beweeg en klein voorwerpe te hanteer terwyl hy konsentreer.
- Neem saam aan sport en speletjies deel.

**Alleen of in 'n groep?**

Party kinders verkies om alleen te werk; ander werk graag in groepe. Dit is belangrik dat jou kind albei moet leer doen. Moedig hom aan om 'n klasmaat of twee te nooi om saam met hom aan projekte te werk of huiswerk te doen, of ondersoek nuwe maniere om naweke saam te werk.
Besoek museums en kunsgalerye of onderneem uitstappies in die natuur sodat jou kind die omgewing saam met 'n maat kan verken.

**Hoe kan ek Afrikaans pret maak vir my kind?**

- Lees elke dag hardop saam. Saamlees bring 'n ouer en kind letterlik nader aan mekaar omdat julle langs mekaar sit en saam uit dieselfde boek lees.
- Sorg dat jou kind jou sien lees vir jou werk (bv. aanwysings, resepte, e-posse), vir genot en vir studiedoeleindes.
- Vind uit waarin jou kind belangstel en help haar om boeke oor haar belangstellings te soek wat sy vir die pret kan lees.
- Gesels met jou kind oor die boeke wat sy lees – wie is die hoofkarakters in die storie, wat het met hulle gebeur, waarom, was dit goed of sleg?
- Maak saam kos of pak allerlei kreatiewe projekte aan – lees saam resepte en etikette of stel jul eie gesinskookboek of -handwerkboek saam.
- Gesels met mekaar oor boeke – vra vrae oor die boek, identifiseer nuwe woorde en idees, bespreek prente en karakters. Vra jou kind hoe sy voel oor die karakters en gebeure en bring dit in verband met jul gesinslewe.
- Vertel vir mekaar stories. Bespreek julle familiegeskiedenis en gesels oor uitstappies wat julle saam onderneem het.
- Skryf en teken saam met jou kind. Laat haar prente teken, 'n fotoalbum of skyfievertoning saamstel, of haar ondervindings neerskryf.
- Hou self dagboek en moedig haar aan om ook in haar eie dagboek oor die dinge te skryf wat haar bang of hartseer maak.
- Gaan gereeld biblioteek toe, sluit by 'n gesinsboekklub aan, identifiseer jul gunstelingskrywers en soek saam met jou kind na interessante boeke.

**Hoe kan ek my kind met huiswerk help?**


- Sorg dat hy of sy elke dag minstens 20 minute aan huiswerk bestee.
- Gesels met jou kind se onderwyser oor die doel van huiswerk en oor die klasreëls.
- Wees entoesiasties oor jou kind se skool en huiswerk.
- Sit elke dag 'n spesifieke tyd opsy vir huiswerk. Moenie dit tot net voor slaaptyd los nie, anders gaan jou kind gespanne bed toe.
- Werk naweke aan groot projekte, veral as jou kind saam met klasmaats moet werk.
- Verdeel opdragte in kleiner, meer hanteerbare onderdele.
- Rig vir jou kind 'n stil studeerhoekie in met die nodige skryfpapier, merkpenne, 'n liniaal, potlode en 'n woordeboek.
- Moet nooit jou kind se huiswerk vir hom of haar doen nie! Maak by die onderwyser seker of jy die huiswerk moet nasien of nie.
- Oefen elke dag saam met jou kind spelwoorde.

**Hoe en wanneer behoort my kind hierdie oefentoetse te skryf?**

- Sorg dat jou kind 'n stil, goed verligte werkplek met 'n lessenaar en stoel het. Maak seker dat hy of sy 'n liniaal, potlode, 'n skerpmaker, uitveër en blou, rooi en swart penne byderhand het.
- Sit genoeg tyd opsy sodat jou kind die toets sonder onderbrekings kan aflê. Kies 'n tyd wanneer hy of sy vars en uitgerus is, soos 'n naweekoggend.
- Begroot sowat 1 uur 45 minute per toets:
  Begripstoets en taal – 1 uur
  Blaaskans – 15 minute
  Stelwerk – 30 minute

## TOETS 1 Datum: Tyd:

| Begrip – totaal: 15 | Taal – totaal: 30 ÷ 2 = 15 | Stelwerk – totaal: 15 |
|---|---|---|
| Jou totaal: | Jou totaal: ÷ 2 = | Jou totaal: |




**Lees die teks aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

# Dramatiese pouse

Lindiwe is 'n leerderraadslid van Laerskool Heuwelsig. Die skoolhoof het haar gevra om die leerders tydens 'n saalbyeenkoms toe te spreek oor die netelige kwessie van verlore goedere. Hier is 'n uittreksel uit die toespraak wat sy geskryf het:

1. Dit is verstommend hoeveel verlore goedere daar daagliks by ons skool rondlê. [*Dramatiese pouse*] Enigiets van dasse tot kosblikke en selfs onderklere [*Dramatiese pouse; maak oogkontak*] – 'n mens sou sê geld groei op die Laerskool Heuwelsig-ouers se rûe.
2. Het julle geweet dat die arme [*Dramatiese klem*] mev. Pillay, ons hardwerkende sekretaresse, elke middag na skool al daardie verlore goedere moet bymekaarmaak? Besef julle dat dit haar taak is om alles in die verloregoederehouer by Ontvangs te gaan sit? Nadat sy alles opgetel het wat die skoolgrond vol lê, stel sy 'n lys van verlore goedere op. Ek dink sy verdien 'n medalje. Ek sou al soooo [*Dramatiese klem*] geïrriteerd gewees het as ek sy was.
3. Week na week word daardie lys op die skool se kennisgewing bord geplak, en 'n mens sou verwag dat dit die eerste plek sal wees waar enigeiemand wat iets verloor het, sal gaan kyk. Maar moenie glo nie! [*Dramatiese klem*] Sommige kinders in die skool verkies om hulle goed net daar in die verloregoederehouer te los, eerder as om die R5-boete te betaal. Dit maak mos nie sin nie.



4. Wat skort met hierdie prentjie? Die antwoord is: Alles! [*Dramatiese klem*]
5. Wat kan ons hieromtrent doen? Een van die baie dinge wat die onderwysers ons probeer leer, is die les van verantwoordelikheid. Ons moet ophou om van ander mense te verwag om op te ruim waar ons omgekrap het. Kom ons raak van vandag af meer georganiseerd en pas ons besittings beter op. Kom ons maak seker dat alles wat aan ons behoort, behoorlik gemerk is. Kom ons sorg dat ons alles in ons tasse wegpak voordat ons gaan pouse hou. As ons elkeen net hierdie paar dinge verander, sal Laerskool Heuwelsig kan trots wees op die verantwoordelike, goed georganiseerde jongmense wat eendag hier sal uitstap. Baie dankie. [*Glimlag en wag vir applous*]




## Begrip

**1. Waarom het die skoolhoof van Laerskool Heuwelsig vir Lindiwe gevra om die leerders tydens die saalbyeenkoms toe te spreek?** **(1)**

______________________________________________

**2. Wat gebeur aan die einde van die skooldag met die verlore goedere?** **(1)**

______________________________________________

**3. Waarom verdien die sekretaresse volgens Lindiwe 'n medalje?** **(1)**

______________________________________________

______________________________________________

**4. Hoe sou Lindiwe die probleem hanteer het as sy die sekretaresse was? Verduidelik waarom jy so sê.** **(2)**

______________________________________________

______________________________________________

**5. Wat is die doel van die woorde tussen vierkantige hakies?** **(1)**

______________________________________________

______________________________________________

**6. Verbeel jou jy is 'n leerder van Laerskool Heuwelsig. Jy het jou kosblik verloor. Verduidelik wat jy sal doen om dit terug te kry. (2)**

______________________________________________

______________________________________________

**7. Maak 'n regmerk in die regte blokkie om die onderstaande sin te voltooi. (1)**

Lindiwe se toespraak kan beskryf word as:

- ☐ krities en negatief.
- ☐ bemoedigend en positief.
- ☐ humoristies en sinloos.
- ☐ dramaties en oordrewe.

**8. Waarom behoort leerders volgens Lindiwe hul besittings goed op te pas? (1)**

______________________________________________

______________________________________________

**9. Waarom is goed wat wegraak so 'n groot probleem by Laerskool Heuwelsig? (1)**

______________________________________________

______________________________________________

**10. Hoe kan Laerskool Heuwelsig se leerders volgens Lindiwe die probleem van verlore goedere oplos? (2)**

______________________________________________

______________________________________________

**11. Hoe oortuigend sou jy sê is Lindiwe se toespraak? Verduidelik waarom jy so sê. (2)**

______________________________________________

______________________________________________

## Taal

12. **Watter stylfiguur word gebruik in die uitdrukking *'n netelige kwessie*?** **(1)**

_______________________________________________

13. **Wat bedoel Lindiwe met die uitdrukking *'n mens sou sê geld groei op die Laerskool Heuwelsig-ouers se rûe*?** **(1)**

_______________________________________________

14. **Lindiwe het twee spelfoute gemaak in paragraaf 3. Skryf die twee woorde neer, met die korrekte spelling langsaan.** **(2)**

______________________ – ______________________

______________________ – ______________________

15. **Voeg die korrekte voorvoegsel by elke woord om 'n antoniem te vorm.**

15.1 verantwoordelik ______________________ (1)

15.2 georganiseerd ______________________ (1)

15.3 moontlik ______________________ (1)

15.4 betroubaar ______________________ (1)

15.5 behoorlik ______________________ (1)

16. **Soek drie woorde in die leesstuk wat ook 'n ander betekenis kan hê (homonieme).**

16.1 ______________________ (1)

16.2 ______________________ (1)

16.3 ______________________ (1)

**Gebruik elke homoniem in 'n sin sodat die betekenis van die woord duidelik is.**

16.4 ________________________________________

________________________________________ (1)

16.5 ________________________________________

________________________________________ (1)

16.6 ________________________________________

________________________________________ (1)

**17. Lindiwe skryf in paragraaf 4: *Die antwoord is: Alles!***

17.1 Omkring die dubbelpunt in die bostaande sin. (1)

17.2 Verduidelik wat die funksie van die dubbelpunt in die sin is. (1)

________________________________________

**18. Verbeter hierdie sinne deur die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies neer te skryf.**

18.1 Al die onderwysers het geweet dat Lindiwe se toespraak uitstekend (wees).

________________________________________ (1)

18.2 Kurt was te verleë om te erken dat hy sy onderklere (verloor). __________ (1)

18.3 Hy moes mev. Pillay R5 (betaal) om sy onderklere terug te kry. __________ (1)

18.4 Kurt sorg deesdae dat sy besittings (merk) voordat hy dit skool toe vat.

________________________________________ (1)

18.5 Lindiwe hoop dat haar skoolmaats voortaan meer verantwoordelik (wees).

________________________________________ (1)

**19. Verander die vetgedrukte werkwoorde van die teenwoordige tyd na die verlede tyd.**

19.1 Lindiwe **praat** die waarheid. ________________________ (1)

19.2 Laerskool Heuwelsig se onderwysers **leer** hulle om verantwoordelik te wees.

________________________________________ (1)

19.3 Die leerders **hoor** die boodskap duidelik. ____________________ (1)

19.4 Almal **dink** dat Lindiwe se toespraak taamlik positief was. __________ (1)

19.5 Sy **droom** daarvan om 'n openbare spreker te word. ______________ (1)

**20. Onderstreep die korrekte vorm van die woord tussen hakies om die sin te voltooi.**

20.1 'n Sak vol skoolskoene (is / was) gister by die sekretaresse se kantoor afgelewer. (1)

20.2 Die leerders van Laerskool Heuwelsig (wil / wou) nie in die verlede die R5-boete betaal nie. (1)

20.3 Die kinders (moes / moet) eintlik al geleer het om meer verantwoordelik te wees. (1)

## Stelwerk




**21. Besluit watter saak jy graag onder die hele skool se aandag sal wil bring. Kies een van die volgende onderwerpe:**

1. **Die waarde van goeie sportgees**
2. **Rommelstrooiery op die skoolgrond**
3. **Die belangrikheid van uitreikprogramme**
4. **Goeie gedrag dwing respek af**
5. **Studeer om te presteer. (15)**

- Hou jou eie dinkskrum en gebruik die ruimte hieronder om jou idees in die vorm van 'n breinkaart neer te skryf.
- Praat oortuigend en geesdriftig, want jy moet die leerders oortuig van jou standpunt.
- Jou toespraak moet tussen 80 en 100 woorde lank wees.
- Sluit voordragwenke in jou teks in wat aandui hoe jy moet praat.
- Sluit ook wenke in vir lyftaal, pouses en wanneer om met jou gehoor oogkontak te maak.
- Oefen jou toespraak voor jou ouers en vra hulle om kommentaar te lewer.

# Antwoorde

## Toets 1

| Begrip | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | **Vaardigheidsvlak** | **Vraag-nommers** | **Soortgelyke vrae in ander toetse** | | |
| | | | **Toets 2** | **Toets 3** | **Toets 4** |
| **Letterlik** | Leerder kan antwoorde in die teks opspoor | 2 | 1; 3; 4; 5; 6 | 1; 2; 5; 6; 8 | 1; 2; 4 |
| **Organisasie** | Leerder kan inligting uit die teks manipuleer | 1; 5; 8 | 2; 6; 9 | 5; 8; 9 | 2; 7 |
| **Afleidings** | Leerder kan die teks verstaan en oor inligting redeneer | 3; 6; 9; 10 | 8; 10; 13; 14 | 3; 4; 7; 12; 14.1–14.2 | 3; 5; 6 |
| **Evaluasie** | Leerder kan oordele vel op grond van bewyse uit die teks | 4; 7 | 7; 11; 15 | 10; 11; 14.1 | 8 |
| **Waardering** | Leerder kan intellektueel en emosioneel reageer op die waardes vervat in die teks | 11 | 12 | 13 | 9 |

| Taal | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | **Vaardigheidsvlak** | **Vraag-nommers** | **Soortgelyke vrae in ander toetse** | | |
| | | | **Toets 2** | **Toets 3** | **Toets 4** |
| **Spelling en woordeskat** | Spelling | 14 | 17.1; 20.4 | 16; 17.1; 18; 20 | 10.2; 11.1 |
| **Punktuasie** | Dubbelpunte, koppeltekens | 17 | 17.2 | 17.2–17.5 | 10.1 |
| **Grammatika** | Stylfigure<br>Voorvoegsels en antonieme<br>Homonieme | 12<br>15<br>16.1–16.3 | <br><br>17.3 | 17.5<br><br>19 | 10.3; 11.2–11.3 |
| **Skryf van sinne** | Idiomatiese uitdrukkings<br>Betekenis in konteks<br>Werkwoordvorme in konteks<br>Tye | 13<br>16.4–16.6<br>18; 20<br>19 | <br>18<br>16.6–16.7<br>16.5; 20.1 | 22 | 10.6; 11.4; 11.5<br>10.5 |

**Begrip**

1. Die hoof wil hê Lindiwe moet die leerders oortuig dat hulle iets omtrent die probleem van verlore goedere moet doen. (1)
2. Mev. Pillay maak die verlore goedere bymekaar en plaas alles in 'n spesiale houer. (1)
3. Sy offer nie net haar tyd op om die verlore goedere bymekaar te maak nie, maar sorteer dit ook en maak 'n lys van al die verlore goedere vir die leerders. (1)
4. Lindiwe sou minder verdraagsaam gewees het as mev. Pillay. Sy sou beslis nie die verlore goedere opgetel het nie. 'n Mens kan aan haar stemtoon hoor dat sy geïrriteerd is. (2)
5. Lindiwe het hierdie woorde as aanbiedingswenke bygevoeg. Dit herinner haar om sekere aksies en woorde te beklemtoon vir dramatiese effek. (1)
6. *Voorbeeldantwoord*: Ek sal na die skoolsekretaresse se kantoor toe gaan om na die verloregoederelys te gaan kyk. As my verlore artikel op die lys is, sal ek mev. Pillay R5 betaal om dit terug te kry. (2)
7. bemoedigend en positief (1)
8. Dit is die verantwoordelike ding om te doen. Dit is onverantwoordelik en selfsugtig om van ander mense te verwag om op te ruim waar jy omgekrap het. (1)
9. Dit lyk nie asof die leerders die regte houding het nie. Hulle is agtelosig met hul besittings en verwag van ander mense om dit op te tel as hulle dit iewers laat lê het. (1)
10. Hulle kan hul ingesteldheid verander deur te leer om meer verantwoordelik te wees. Hulle kan meer georganiseerd wees deur hulle besittings te merk en dit weg te pak. (2)

11. Sy is nogal oortuigend omdat sy doeltreffende oorredingstegnieke in haar toespraak gebruik. Sy doen 'n beroep op die leerders se sin vir verantwoordelikheid. OF: Sy is glad nie oortuigend nie. (Aanvaar enige redelike motivering.) (2)

**Taal**

12. Dit is 'n metafoor. (1)
13. Sy glo die ouers mors hul geld. (1)
14. kennisgewing bord – kennisgewingbord; enigeiemand – enigiemand (of enige iemand) (2)

15.1 onverantwoordelik (1)
15.2 ongeorganiseerd (1)
15.3 onmoontlik (1)
15.4 onbetroubaar (1)
15.5 onbehoorlik (1)

16.1 *Voorbeeldantwoord*: haar – 'n haar op iemand se kop OF links (teenoor regs) (1)
16.2 *Voorbeeldantwoord*: was – om met water skoon te maak OF stof waarvan kerse gemaak word (1)
16.3 *Voorbeeldantwoord*: lys – om 'n lys op te stel (werkwoord) OF 'n rand aan 'n muur, deur, ens. (1)
16.4 *Voorbeeldantwoord*: Sy is baie netjies; daar is nie 'n haar uit sy plek op haar kop nie. OF Die kinders hardloop hot en haar op die speelgrond. (1)
16.5 *Voorbeeldantwoord*: Ons was elke Saterdag die motor. OF Die warm was het my gebrand. (1)
16.6 *Voorbeeldantwoord*: Lys al die voordele en die nadele voordat jy besluit. OF Die lys om die deur is wit geverf. (1)

17.1 Die antwoord is : Alles! (1)
17.2 Die dubbelpunt dui aan dat die antwoord op die vraag volg, naamlik "Alles". (1)

18.1 Al die onderwysers het geweet dat Lindiwe se toespraak uitstekend **sou wees**. (1)
18.2 Kurt was te verleë om te erken dat hy sy onderklere **verloor het**. (1)
18.3 Hy **moes** mev. Pillay R5 **betaal** om sy onderklere terug te kry. (1)
18.4 Kurt sorg deesdae dat sy besittings **gemerk is** voordat hy dit skool toe vat. (1)
18.5 Lindiwe hoop dat haar skoolmaats voortaan meer verantwoordelik **sal wees**. (1)

19.1 Lindiwe **het** die waarheid **gepraat**. (1)
19.2 Laerskool Heuwelsig se onderwysers **het** hulle **geleer** om verantwoordelik te wees. (1)
19.3 Die leerders **het** die boodskap duidelik **gehoor**. (1)
19.4 Almal **het gedink** dat Lindiwe se toespraak taamlik positief was. (1)
19.5 Sy **het** daarvan **gedroom** om 'n openbare spreker te word. (1)

20.1 'n Sak vol skoolskoene <u>is</u> gister by die sekretaresse se kantoor afgelewer. (1)
20.2 Die leerders van Laerskool Heuwelsig <u>wou</u> nie in die verlede die R5-boete betaal nie. (1)
20.3 Die kinders <u>moes</u> eintlik al geleer het om meer verantwoordelik te wees. (1)

**Stelwerk**

21. Die onderstaande rubriek kan gebruik word om jou kind se toespraak te assesseer. (15)

| On/voorbereide toespraak (15 punte) | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp en struktuur: ontwikkeling van idees** | • Relevante, interessante en oorspronklike onderwerp<br>• Interpretasie getuig van insig<br>• Effektiewe inleiding en gevolgtrekking<br>• Progressiewe ontwikkeling van idees | • Toepaslike, relevante en interessante onderwerp<br>• Goed nagevors en aangebied<br>• Samehangend; goeie inleiding en gevolgtrekking<br>• Logiese vloei van idees | • Onderwerp is relevant, maar vertoon gebrek aan nuwe inligting of interpretasie<br>• Funksionele inleiding en gevolgtrekking<br>• Logiese vloei van idees | • Onderwerp voldoen aan vereistes, maar navorsing is ontoereikend<br>• Swak inleiding en gevolgtrekking<br>• Idees vloei nie altyd logies nie | • Onderwerp is onvanpas en swak nagevors<br>• Spreker toon gebrek aan insig<br>• Geen inleiding of gevolgtrekking nie<br>• Ongeordende idees |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Taalvlak: ouderdoms-gepastheid; moeilikheids-graad** | • Uitstekende taalbeheersing<br>• Gebruik nuwe en wye verskeidenheid woorde om gedagtes en gevoelens uit te druk<br>• Oorredende toon | • Indrukwekkende taalbeheersing<br>• Kan gedagtes en gevoelens akkuraat oordra<br>• Behou gehoor se aandag | • Kan gedagtes duidelik uitdruk<br>• Toepaslike register en woordeskat<br>• Goeie inleiding, maar belangstelling vervaag | • Kan gedagtes oordra<br>• Basiese woordeskat<br>• Wyk soms af van register<br>• Behou nie aandag nie | • Sukkel om gedagtes duidelik uit te druk<br>• Onvanpaste register; beperkte woordeskat<br>• Behou nie aandag nie |
| **Kontak met gehoor** | • Wenke getuig van goeie insig in effektiewe gebruik van liggaamstaal, oogkontak en stem | • Wenke getuig van 'n mate van insig in effektiewe gebruik van liggaamstaal, oogkontak en stem | • Wenke nie strategies geplaas nie of getuig nie van effektiewe gebruik van liggaamstaal, oogkontak en stem nie | • Min wenke; nie strategies geplaas nie/ ondoeltreffende gebruik van liggaamstaal, oogkontak en stem | • Min wenke, lukraak geplaas; nie duidelik of daar begrip is van liggaamstaal, oogkontak en stem nie |

## Toets 2

| **Begrip** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | **Vaardigheidsvlak** | **Vraagnommers** | **Soortgelyke vrae in ander toetse** | | |
| | | | **Toets 1** | **Toets 3** | **Toets 4** |
| **Letterlik** | Leerder kan antwoorde in die teks opspoor | 1; 3; 4; 5; 6 | 2 | 1; 2; 5; 6; 8 | 1; 2; 4 |
| **Organisasie** | Leerder kan inligting uit die teks manipuleer | 2; 6; 9 | 1; 5; 8 | 5; 8; 9 | 2; 7 |
| **Afleidings** | Leerder kan die teks verstaan en oor inligting redeneer | 8; 10; 13; 14 | 3; 6; 9; 10 | 3; 4; 7; 12; 14.1–14.2 | 3; 5; 6 |
| **Evaluasie** | Leerder kan oordele vel op grond van bewyse uit die teks | 7; 11; 15 | 4; 7 | 10; 11; 14.1 | 8 |
| **Waardering** | Leerder kan intellektueel en emosioneel reageer op die waardes vervat in die teks | 12 | 11 | 13 | 9 |
| **Taal** | | | | | |
| **Vlak** | **Vaardigheidsvlak** | **Vraagnommers** | **Soortgelyke vrae in ander toetse** | | |
| | | | **Toets 1** | **Toets 3** | **Toets 4** |
| **Spelling en woordeskat** | Spelling<br>Verkortings | 17.1<br>20.4 | 14 | 18<br>16<br>17.1; 18; 20 | 10.2; 11.1 |
| **Punktuasie** | Hakies, dubbelpunte, koppeltekens en kommas | 17.2 | 17 | 17.2–17.5 | 10.1 |
| **Grammatika** | Woordsoorte<br><br>Homonieme | 16.1–16.3; 16.6–16.7; 19; 20.2–20.3<br>17.3 | 12; 15<br><br>16.1–16.3 | 15; 21.1<br><br>19 | 10.3; 11.2–11.3 |
| **Skryf van sinne** | Tye<br>Frases<br>Bysinne<br>Dubbelsinnigheid<br>Sinsoorte | 16.5; 20.1<br>17.2<br>17.4<br>18<br>21 | 19<br><br><br><br>13 | <br>21.2, 22 | 10.5<br>11.5<br><br>10.6; 11.4 |